**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**


**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

DEUS EST VITA

45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 JUNIE 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester - waarnemend |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| [illegible]. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Alberts | : | Direkteur Gemeenskapsdienste - waarnemend |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Mev. AA Barry | : | Klerk: Komitees |

***

---

**AKSIE**

**RVN001/06/2018**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

'n Minuut van stilte word gehandhaaf, ter nagedagtenis aan die leerder van Porterville en 'n plaaswerker van Keerom Boerdery wat oorlede is, waarna die Speaker almal teenwoordig verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan 'n lid van die publiek en die nuutverkose Raadslid Botha.

***

**RVN002/06/2018**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadsheer J Swart – verskoning
Direkteur Gemeenskapsdienste – verlof

***

**RVN003/06/2018**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/06/2018**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 23 MEI 2018</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Woensdag 23 Mei 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN005/06/2018**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 MEI 2018</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 29 Mei 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (AA BARRY)***

***

**RVN006/06/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS SPESIALE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 23 MEI 2018**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoering met betrekking tot die verslag oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Woensdag 23 Mei 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/06/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 29 MEI 2018**
**3/3/2/2**
***('n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoering met betrekking tot die verslag oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Dinsdag 29 Mei 2018.

Vrae en kommentaar word gelewer deur Raadsheer Claassen met betrekking tot die status quo verslag van die Municipal Spatial Development Framework (MSDF).

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/06/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**/1/5**

Geen

***

**RVN009/06/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**RVN010/06/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN011/06/2018**
**EERSTE MOSIE: DIENSVERSKAFFER: HERWINNINGSKONTRAK, VELDDRIF**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**
***('n Aanvullende verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Raadsheer Claassen lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raad.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die feit dat daar geen bedrog was met hul tender nie;

2. Dat die Raad kennis neem dat die eienaar van Henque 3105 CC, Mev. Charlotte Lamprechts, die ontvanger was van 'n e-pos waarin daar 'n rassistiese opmerking gemaak is deur een van haar werknemers (operasionele bestuurder);

3. Dat die rassistiese opmerking deur 'n werknemer van die kontrakteur totaal onaanvaarbaar is en onmiddellik toepaslik aangespreek moet word deur die kontrakteur deur middel van arbeidsregtelike stappe teen haar werknemer, Mnr. Lamprechts met terugvoer en bewyse hiervan aan Bergrivier Munisipaliteit;

4. Dat die Munisipaliteit geen vorm van rassisme sal duld nie, soos uitgespel in ons e-pos aan Henque 3105 CC gedateer 8 Mei 2018 en dat Mnr. S Lamprecht toegang geweier word op alle eiendom van Bergrivier Munisipaliteit met onmiddellike effek;

5. Dat Bergrivier Munisipaliteit Nasionale Tesourie versoek om hul voorgeskrewe kontrak te wysig om voorsiening te maak vir maatreëls teen die oortreding van grondwetlike beginsels; en

6. Dat Mnr. S Lamprecht versoek word om 'n amptelike verskoning te rig aan die benadeelde(s).

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN012/06/2018**
**TWEEDE MOSIE: MPAC**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die Speaker bied die geleentheid aan Raadsheer Claassen om sy mosie in te lei, waarna hy breedvoerig agtergrond gee met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN013/06/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR NUUTVERKOSE RAADSLID**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Speaker bied die geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die inhuldigingsproses waar te neem. Mnr. JC Botha word die geleentheid gebied om die eed af te lê om ingehuldig te word as 'n Raadslid van Bergrivier Munisipaliteit.

Die Munisipale Bestuurder verwelkom Raadslid Botha as Raadslid by Bergrivier Munisipaliteit, waarna die Speaker hom voorspoed en sterkte toewens.

Raadsdame Smit verwelkom Raadslid Botha terug by Bergrivier Munisipaliteit.

Ten slotte bied die Speaker die nuutverkose Raadslid die geleentheid om 'n kort toespraak te lewer, waarna hy sy sitplek in die Raadsvergadering inneem.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN014/06/2018**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: NUWE LID: PRESTASIE EN OUDITKOMITEE EN VERLENGING VAN TERMYNE VAN TWEE LEDE**
**(12/2/2/21)**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die Voorsitter Me. Kim Montgomery aanstel vir 'n verdere termyn van drie jaar en heraanstel as Voorsitter van die Prestasie- en Ouditkomitee;
2. Dat Mnr. Burton van Staaden aangestel word vir 'n verdere termyn van drie jaar as lid van die Prestasie- en Ouditkomitee;
3. Dat die Raad kennis neem van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;
4. Dat Me. S Smit aangestel word as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee met ingang vanaf 1 Julie 2018 vir 'n periode van drie (3) jaar op grond van haar kennis en ondervinding in risikobestuur;
5. Dat Mnr. Lawrence toepaslik bedank word vir die waardevolle diens wat hy gelewer het aan Bergrivier Munisipaliteit oor die afgelope ses jaar; en
6. Dat Mnr. Chetty aangestel word, indien Me. Smit of Mnr. van Staaden nie die aanstelling aanvaar nie.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN015/06/2018**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: VERLENGING VAN HUIDIGE SPOEDMETINGS-KONTRAK**
**17/10/1**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die kontrak van Belstow Traffic Solutions vir 'n verdere ses maande tot 31 Desember 2018 verleng word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

**RVN016/06/2018**
**BOUPLAN AANSOEKE VIR DIE OPRIGTING VAN KLEINER BOUWERK (MINOR BUILDINGS) - AMNESTIE**
**15/4/1**

Raadslid Wessels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad in terme van die bepalings van artikel 160(2)(c) van die Grondwet, goedkeuring verleen dat amnestie ten opsigte van wetstoepassing en boetes verleen word tot 30 Junie 2019 aan eienaars van persele waarop onwettige tydelike strukture voorkom ten einde sodanige eienaars in staat te stel om die voorgeskrewe aansoek prosedures na te kom;

2. Dat amnestie beperk word tot aansoeke vir strukture wat aangewend word vir akkommodasie ooreenkomstig bestaande Raadsbeleid;

3. Dat die regstappe wat intussen reeds teen sommige persone aanhangig gemaak is, nie deur die amnestie ongedaan gemaak word nie; en

4. Dat wetstoepassing teen sodanige eienaars van persele waarop onwettige tydelike strukture voorkom, vanaf 1 Julie 2019 hervat word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN017/06/2018**
**BOUPLAN AANSOEKE - GOEDKEURING**
**15/4/1**

Raadslid Wessels lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat besluit **BK 3448** gedateer 15 Maart 2011 **herroep** word;

2. Dat die volgende **gedelegeer** word ingevolge Artikel 28 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig:

   2.1 Dat die Departementshoof naamlik die **Bestuurder: Projekbestuur en Boubeheer** optree namens Bergrivier Munisipaliteit as **Besluitnemer** vir die goedkeuring van bouplanaansoeke ingevolge Artikel 28 (4) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig;

   2.2 Dat die **Boubeheerbeamptes** op Piketberg, Porterville en Velddrif, optree namens Bergrivier Munisipaliteit as aangestelde **Boubeheerbeamptes** ingevolge Artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, soos gewysig; en

   2.3 Dat die genoemde Boubeheerbeampte na gelang van hulle beskikbaarheid, alternatiewelik optree as **"Waarnemende Besluitnemer"** tydens afwesigheid van **Besluitnemer**.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN018/06/2018**
**DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE**
**2/3**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die aangehegte gewysigde delegasies van bevoegdhede goedgekeur word; en

2. Dat die gewysigde delegasies van bevoegdhede skriftelik aan die betrokke personeel versprei word vir aftekening daarvan.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN019/06/2018**
**VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS**
**1/4/1**

Raadsheer van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die verordening insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit, afgekondig in Provinsiale Koerant PK 7134 gedateer 7 Junie 2013, herroep word ten tye van publikasie van die nuwe verordening; en

2. Dat die verordening insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit so spoedig moontlik in die Provinsiale Koerant gepubliseer word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN020/06/2018**
**OPNEEM VAN EKSTERNE LENING**
**5/14/1/3**

Raadsheer Van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Bykomende inligting word verskaf deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Insette en vrae vir duidelikheid word gelewer deur Raadsheer Claassen.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die volgende eksterne lening ten bedrae van R6 080 000.00 by Standard Bank opneem vir die gedeeltelike finansiering van kapitaal-uitgawes vir die 2017/2018 finansiële jaar en wel soos volg:
   a) **R6 080 000.00 oor 5 jaar** soos per tender by Standard Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaiemente geskied op 30 Junie van elke jaar met begindatum 30 Junie 2019 en einddatum 30 Junie 2023; en

2. Dat die Raad goedkeur dat die Munisipale Bestuurder sodanige kontrak bekragtig wat die eksterne lening finaliseer.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN021/06/2018**
**2018/19 PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY AND METHODOLOGY**
**2/B**
***(A report was tabled at the meeting – Annexure F)***

Alderman Van Rooy gave a brief background to the item under discussion.

Various inputs and comments were made by Council.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the 2018/19 Preferential Procurement Policy and Methodology.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN022/06/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2018**
**5/1/B,5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the Monthly Budget Statement and supporting documentation for April 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN023/06/2018**
**REVIEW OF AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2017/2018 FINANCIAL YEAR**
**..../2/2/21**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the Reviewed Performance and Audit Committee Charter for the 2017/2018 financial year.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN024/06/2018**
**REVIEW OF ANTI-FRAUD AND CORRUPTION POLICY**
**12/2/2/21**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council approves the Reviewed Anti-Fraud and Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan).

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN025/06/2018**
**WYKSKOMITEES: VERSLAG RAKENDE WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU IN JUNIE 2018**
**3/2/1/3**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die verslag rakende Wykskomiteevergaderings wat gehou is gedurende Junie 2018.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN026/06/2018**
**TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES: 2018/19 BUDGET AND INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP)**
**9/1/2**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

Alderlady Smit requested that hard copies of the Time Schedule of Key Deadlines: 2018/2019 Budget and Integrated Development Plan be circulated at the next Council meeting.

***HEAD: COMMUNICATIONS***

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the Time Schedule of Key Deadlines be approved for the 2018/19 financial year; and
2. That the approved Time Schedule of Key Deadlines be advertised and placed on the municipal website.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN027/06/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 17 MEI 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 17 Mei 2018.

***

**RVN028/06/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 29 MEI 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 29 Mei 2018.

***

**RVN029/06/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN030/06/2018**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:50***

***

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
31 JUL 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***